**Versindaba 2010.**
US Woordfees (samest.). 2010. Pretoria: Protea Boekhuis. 80 pp.
ISBN: 978-1-86919-401-7.

Met die lees van die *Versindaba*-bundel voel 'n mens gewoonlik soos iemand wat in die fliek sit en kyk na grepe uit rolprente wat nog vertoon gaan word. Hoekom sê ek so? In hierdie bundel word gewoonlik enkele gedigte van gevestigde digters opgeneem uit hulle bundels wat gaan verskyn om as lusmaker te dien, terwyl die leser ook bekend gestel word aan 'n aantal nuwe digters. Dit is veral laasgenoemde groep se werk wat my interesseer.

Gemene delers uit hierdie groep nuwe digters se werk sluit in 'n herbesoek aan die familie, 'n nuwe kyk op familiefeeste en 'n bevraagtekening van familiefeeste. Die aktualiteit in die land word ook belig en daar is 'n sterk bewuswees van die landskap. Seksualiteit is ook 'n belangrike tema onder die nuwe digters. Wat vorm en styl betref, is die beeldspraak van die nuwe digters opvallend.

Nog 'n aspek wat opval, is die herdigting van ou en geykte idiome in 'n nuwe konteks. Ewe opvallend is die dikwels gestroopte aanslag van die verse. Wat ek soms wel hinderlik gevind het, was die reëlbreuke by van die nuwe digters.

Aniel Botha skryf twee gestroopte verse waarin 'n selfportret in terme van 'n ongeluk beskryf word en 'n heerlike satiriese vers op die familie tydens Kersfees. Laasgenoemde kan maklik 'n geykte tema word, maar Botha slaag daarin om dit vars aan die leser te bied. Veral die slotkoeplet is geslaagd. Fourie Botha (die tweede Botha) is een van die sterker stemme onder die nuwe groep. Idiomatiese taalgebruik soos "Willem Wikkelspies" vir Shakespeare en "a bird in the hand" verkry wrange konnotasies onder sy aanslag. In die tweede gedig word ook kommentaar gelewer op manlike seksualiteit en sluit mooi aan by "Don't feed the lions". Die derde Botha, Pieter W. Botha, speel ook met die idioom "met die hoed in die hand sit", terwyl sy gedig oor die moord op Garth Stead knap van parallellisme gebruik maak om Stead se foto's deel te maak van die teks.

Pieter du Toit betrek die gesegde dat wanneer 'n ou man sterf, brand 'n biblioteek af in sy gedig oor die dood van 'n ouer persoon. In "Apokalips" word die ondergaande son gekoppel aan die einde van die wêreld in 'n kort en slim gedig.

Karen Kühn sluit aan by die tradisie in Afrikaans van die gedig oor 'n taalles soos byvoorbeeld by Eybers en Lucas Malan en gee daaraan 'n groter globale reikwydte deur die Afrika-kontinent te betrek. Sou dit nie sinvol wees om die Arabiese skrif in 'n voetnoot te verduidelik nie? "Dophou" is 'n variasie op die moeder-dogtergedig en net soos in *Muriel's Wedding* maak die subjek in die gedig gebruik van ABBA-liedjies om kommentaar te lewer op die moeder se swaarkry as vrou.

In Pieter Odendaal se "noord-namibië" kry ons 'n dialoog tussen vader en seun en word die pa uitgevra oor sy tyd in die weermag in die noorde van Namibië. Die seun se vraag dwing die vader egter tot stilswye. Ek weet net nie of die slotreël heeltemal werk met sy metapoëtiese inslag nie. Ook sy gedig oor die jong kind in Palestina lewer kommentaar op geweld en die sinloosheid daarvan. Lou-Anne Stone se twee gedigte is besonder "oop tekste" en die vraag kom op of die verse al klaar geskryf is ten spyte van die fyn gestroopte waarneming. Net so klop al die beelde in André Trantraal binne die versgeheel nie heeltemal nie, veral in sy gedig wat ook oor die ma-kind-verhouding handel.

Van die gevestigde digters se werk is dit goed dat werk van Floris Brown, M. M. Walters en Marlene van Niekerk ook ingesluit is. Tom Gouws, Joan Hambidge, Johann Lodewyk Marais, Louis Esterhuizen en Kobus Lombard se gedigte is almal geneem uit bundels wat

tydens die Versindaba bekend gestel is. Melt Myburgh het in 2010 gedebuteer en hy word dus ook ingesluit onder die gevestigdes, net soos Koos Oosthuysen. Dit is dus moeilik om oor hierdie gedigte te oordeel sonder die konteks van die bundels waaruit hulle geneem is. Walters bewys dat hy nog steeds ons voorste satirikus is en nog net so skerp kan kyk na gebreke in ons samelewing. Naas ’n skerp satiriese gedig word ook ’n fyn deernisryke portret oor ’n vader deur Marlene van Niekerk ingesluit.

Die *Versindaba*-bundels is nou al gevestig as ’n instelling in die Afrikaanse literêre diskoers en verskyn voortaan onder die vaandel van die US Woordfees, wat van krag tot krag gaan. ’n Mens kan egter nie vra dat meer ongepubliseerde digters opgeneem word nie, want wat dan van *Nuwe stemme*? En hoekom word een of twee gedigte uit ’n bundel wat nog gaan verskyn, opgeneem? Miskien moet die samestellers oorweeg om slegs ongepubliseerde gedigte van beide groepe op te neem. Dan sal dit die bundel nog meer van ’n versamelstuk maak.

*Marius Crous*
Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit, Port Elizabeth